Verwysing: 20190220-1916
Lêerno.: 12/17/4
Navrae: AW Africa

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0001/2019

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Leerderondersteuningspersoneel, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare laer- en hoërskole

Onderwerp: Basiese skoolbiblioteekopleiding gedurende die 2019 Junie- en September-vakansies

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het die dringende behoefte aan hulpvoorsiening in skoolbiblioteekbestuur en hulle werksaamhede uitgewys.

2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het toestemming aan die Onderwysbiblioteek- en Inligtingsdiens (EDULIS) verleen om die DBO se basiese skoolbiblioteekopleiding gedurende die 2019 Junie- en September-vakansies in alle distrikte van stapel te stuur.

3. EDULIS sal 60 opvoeders per distrik oplei en voorkeur sal gegee word aan skoolbiblioteekpersoneel. Hierdie opleiding is ongelukkig slegs aan opvoeders beskikbaar. Ons beplan twee sessies per distrik waarby 30 opvoeders per sessie op twee opeenvolgende dae betrek sal word.

4. Die doel van hierdie minuut is om u vroegtydig drie maande voor die tyd oor die opleiding in te lig.

5. Opvoeders wat deel van hierdie opleiding wil wees, kan op die volgende URL, https://docs.google.com/forms/d/1K-gtQa54BMp-wp5Li3k-ZN9C-u02w1KoZgWLOXnkzmE/edit aanteken en hierdie Googledokument invul en indien om te registreer.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: S ABRAHAMS
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2019-02-26